# *UIT DIE PEN VAN DIE CEO (17/09)*

*Justin Chadwick (30 April 2009)* Citrus Growers Association (CGA)

***GESEGDE VAN DIE DAG: "Never trust a man who, when left alone in a room with a tea cozy, doesn't try it on" Bill Connolly***

**VIER DIE SUKSES: Suid-Afrika se aanbieding van die Indiese Premier Liga (krieket) – dit was 'n reuse sukses en het gewys dat Suid-Afrika opgewasse is vir die groot gebeurtenis – op baie kort kennisgewing.**

## SITRUS SWARTVLEK (SSV)

In die vorige nuusbrief is daar verwys na 'n besoek deur die Voedsel en Veeartseny Kantoor (FVO) van die Europese Unie. Die besoek is geskeduleer vir die tydperk van 15 tot 26 Junie 2009. Dit is belangrik dat die bedryf goed voorbereid sal wees vir hierdie besoek, omdat 'n negatiewe ondervinding of bevindinge ernstige gevolge kan inhou. Die hoof-rede vir die besoek word toegeskryf aan 'n toename in onderskeppings van besendings met SSV in die EU. Alhoewel die aantal besendings wat onderskep is minimaal is in vergelyking met die werklike besendings wat ingevoer is, is SSV 'n kwarantyn-organisme en daarom het die toename in onderskeppings gelei tot bekommernis in Europa. Alhoewel die tegniese regverdigheid van die huidige EU Swartvlek regulasies nog betwis word, is dit nodig dat so lank as wat hierdie regulasies nog in plek is daaraan te voldoen.

Dit is belangrik dat alle rolspelers in die bedryf bewus is van die komende besoek omdat die afgevaardiges sitrusfasiliteite en boorde regoor die land gaan besoek. Toegang tot die EU is op die volgende gebasseer: " *Die vrugte afkomstig is van 'n area wat as vry van Guignardia citricarpa Kiely erken word;* **of** *die vrugte afkomstig is van 'n area van produksie wat aan geskikte behandelings teen Guignardia citricarpa Kiely (alle rasse skadelik vir Sitrus) onderwerp was,* **en** *geen van die vrugte wat in die area van produksie ge-oes is, tydens toepaslike, amptelike inspeksies, simptome van die organisme toon nie."*

Wanneer produksie-eenhede vir die EU geregistreer word, word van produsente vereis om 'n dokument te onderteken rondom goeie landboupraktyke vir Swartvlek. Hierdie praktyke is oor tyd ontwikkel om te verseker dat geen swartvlek simptome op vrugte, wat bestem is vir uitvoer na swartvlek sensitiewe markte, sal ontwikkel nie. Dit is belangrik dat alle produsente ten volle bewus sal wees van die inhoud van die dokument, die vereiste praktyke op die plaas sal implementeer en bewys van hierdie implementering kan toon sou dit nodig wees. Die FVO afvaardiging sal steekproewe op verskillende plase doen en almal wat na die EU uitvoer sal moet kan bewys dat hul aan die vereistes voldoen.

## GEPAK EN VERSKEEP 2009

Teen die tyd dat hierdie nuusbrief uitgestuur is, was PPECB se inligting nog nie beskikbaar nie. Gedetailleerde inligting sal volgende week uitgestuur word. Produsente en uitvoeragente kan besonderhede op www.cga.co.za, in die afdeling vir lede, gaan opkyk – 'n wagwood word vereis en is beskikbaar aan alle CGA, FPEF en CMF lede.

## RUSSIESE RESIDU VEREISTES

In vorige nuusbriewe is uitvoerders na Rusland versoek om te verseker dat hul die Russiese vereistes ten opsigte van residue verstaan. 'n Onlangse nuusverklaring het aangedui dat Turkye daarin geslaag het om 'n risiko-gebaseerde aanslag tot die Russiese residu aangeleentheid te onderhandel. In terme van ooreenkomste wat tussen uitvoerlande en Rusland onderteken is, indien daar 'n hoë vlak van nie- nakoming is, sal al die invoere van daardie spesifieke produk van daardie land gestaak word. Turkye het daarin geslaag om te onderhandel dat slegs die maatskaapy betrokke se invoere gestaak word. Hierdie beperkinge sal slegs toegepas word as die maatskappy drie maal nie aan die vereistes kon voldoen nie (drie "strikes" en jy is uit!). Maatskappye wat oor 'n periode van 'n jaar getoon het dat hul aan die vereistes kan voldoen sal ook daarna dispensasie kry en hoef ook nie aan sommige van die analitiese- en rapporterings-vereistes te voldoen nie. Dié teikening van maatskappye wat nie aan die vereistes voldoen nie is 'n belangrike verbetering van die oorspronklike besluit om al die invoere van die produk van die land te stop en hopelik sal dit na ander lande uitgebrei word wat soorgelyke ooreenkomste (of in die proses van ondertekening is) onderteken het.

## DERDE WERELD SE UITVOERE VAN SPANJE

Aanduidings is dat die algehele Spaanse uitvoere na derde wêreld lande (lande uitgesluit van die EU) is dieselfde as die 2007/8 seisoen. Die teikenmarkte het egter ietwat verander. Die drie grootste markte is VSA, Rusland en Noorweë. Die VSA het 'n merkwaardige toename in invoere van Spanje getoon – op met 20% van 2007/8 (tot 57 934 ton); 96% van die seisoen se invoere was clementines. Noorweë is 8% af tot 31 167 ton; met 53% lemoene en 45% clementines wat van Spanje ingevoer is. Rusland is 'n yslike 35% af na laas seisoen (na 32 247 ton); baie naby aan 'n gelyke verdeling tussen clementines en suurlemoene.

**JOU HEFFING WERK VIR JOU – PRODUSENTE SE HEFFINGS WORD AANGEWEND OM DIE AKTIWITEITE VAN DIE CGA, CRI EN SITRUS AKADEMIE TE BEFONDS**